

Maandag 11 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 22:1-24

Fokusgedeelte: Genesis 22:8,

14

Die HERE sal voorsien

Op 100-jarige ouderdom word Abraham die pa van 'n langverwagte kind: Isak. Deur die kind wil God sy verbondsbeloftes aan Abraham laat verwesenlik. Uit hom moet 'n groot nasie, ontelbaar soos die sand van die see, voortkom. Uit hom moet die komende Messias gebore word.

Dan kom God na Abraham toe met 'n gewigtige opdrag: hy moet dié seun, sy enigste wat hy liefhet, Isak, gaan offer. Met dié opdrag stel God vir Abraham op die proef. God het Abraham belowe dat Hy vir hom 'n groot nageslag gaan gee. Nou beproef Hy of Abraham Hom waarlik vir die belofte vertrou, selfs al kos dit die lewe van sy geliefde seun.

Abraham slaag die toets – nie deur eie krag nie, maar deur geloof (Heb. 11:17). Maklik kon dit definitief nie vir Abraham gewees het nie. Hy het nie vooraf geweet God gaan hom uiteindelik stop om met die offer deur te gaan nie. Hy het ook nie geweet God gaan 'n plaasvervanger in Isak se plek gee nie.

Deur geloof het Abraham die toets deurstaan. Gelowig het hy Isak se vraag na die lam vir die brandoffer geantwoord: God sal voorsien. Hóé God sal voorsien, het hy nie geweet nie. Dát God sal voorsien, het hy geglo, selfs al sou dit moes gebeur deurdat God vir Isak uit die dood opwek (Heb. 11:8). En God het voorsien. Met die mes in Abraham se hand het God hom gekeer om Isak te offer. Boonop gee God 'n ram as offer in Isak se plek. Weldeurdag noem Abraham die plek “Die HERE sal voorsien”.

Eeue later, op dieselfde berg, is daar weer 'n offer gebring. God die Vader gee sy eniggebore Seun, wat Hy liefhet – Jesus Christus – as 'n offer vir ons. Vir Hom was daar geen plaasvervanger nie. Hý is die Plaasvervanger. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29). Waarlik: God het voorsien, en Hy sal voorsien.

Deur swaarkry heen stel God sy gelowige kinders op die proef. Hy louter ons geloof. Hou jy vas aan sy beloftes, met die wete dat Hy sal voorsien? Glo jy dat Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, ook álles genadiglik saam met Hom aan ons sal skenk (Rom. 8:32)? Hou vas aan God se beloftes, totdat Hy kom. Hy sál voorsien.

Sing: Psalm 40-1:2, 8

Ds. MD Meijer (Dirk) (Bloemburg)